BURGERSDORP

S

1922

SLEGS MY BESTE

# *MISSIE*
# *HOËRSKOOL BURGERSDORP*

**Die Hoërskool Burgersdorp streef na die handhawing van hoë standaarde in die totale opvoeding van die kind, gegrond op Christelike norme.**

## *EREKODE*

**Onder die indruk van die voorreg om 'n leerling van die Hoërskool Burgersdorp te wees, is dit elke leerling se strewe om :**

1. **sy Christelike beginsels ter ere van God en in diens van sy Vaderland uit te leef;**
2. **te alle tye die goeie naam van sy skool, klas, huis en dorp hoog te hou;**
3. **pligsgetrou te wees in sy werk en spel en om altyd te doen wat sy hand vind om te doen;**
4. **sy ouers en onderwysers te gehoorsaam en te eerbiedig;**
5. **vriendelik, blymoedig en behulpsaam te wees, selfs ook in moeilike omstandighede;**
6. **hom te weerhou van enige gedrag waardeur hy die goeie naam van sy skool kan skaad;**
7. **om tradisies nougeset te handhaaf en doelgerig te bou aan die toekoms van Suid-Afrika.**

## *SKOOLLIED*

Dit is seker en gewis
Burgersdorp se skool die is
Ongetwyfeld van die beste in ons land
Daar doen elk sy plig getrou
Word karakter opgebou
Word geoefen brein en oog en oor en hand
Elk gedra hom goed en wel
In sy werk en in sy spel
En is ewe knap op sportveld en in werk
Opgeruimd en fluks en goed
Werk hulle almal vol met moed
Om die Burgersdorp se skool te help versterk

# SKOOLREËLS

1) Skoolbywoning is verpligtend. In geval van afwesigheid moet die ouers per brief of telefonies, 'n rede aan die skoolhoof verstrek.

2) Geen afsprake moet vir kinders gedurende skooltyd gemaak word nie.

3) In geval 'n kind medies ongeskik is om deel te neem aan sport, moet 'n mediese sertifikaat by die skool ingedien word.

4) Geen juwele, buitengewone haarstyle, gekleurde naellak, grimering of kougom word in die skool of gedurende sportbyeenkomste toegelaat nie. Leerders sal toegelaat word om hulle haarkleur te verander met gebruik van 1 skakering kleursel ligter en/of donkerker as die normale haarkleur van die leerder. Indien die leerder hierdie reël oortree, sal dit verwag word van die leerder om sy/haar hare onmiddellik weer te kleur sodat die leerder se normale haarkleur herstel word. Indien die leerder hierdie reël 2x oortree sal dit beskou word as 'n opsetlike verbreking van skoolreëls en word as 'n ernstige oortreding in terme van die Dissiplinêre Kode en sal daar dienooreenkomstig teen die leerder opgetree word.

5) Leerlinge mag nie tydens les-ure telefoonoproepe ontvang nie. Geen boodskappe, behalwe in buitengewone omstandighede, sal gedurende skool-ure aan kinders oorgedra word nie.

6) Leerlinge wat na skool-ure hulle skooldrag aanhou, moet die volle uitrusting dra.

7) Geen leerling mag op die skoolterrein of in die skoolgebou rook nie. Alkoholiese drank en ander dwelmmiddels word ten strengste verbied. 'n Oortreding van hierdie reël kan tot onmiddellike skorsing aanleiding gee.

8) Skool-eiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom is van iemand anders, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.

9) 'n Leerling mag nie sonder die skoolhoof se verlof 'n selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein bestuur of parkeer nie.

10) Geen leerling mag tydens skool-ure 'n mede-leerling se welsyn benadeel of in gevaar stel nie.

11) Geen leerling mag, sonder verlof van 'n personeellid, buite skool-ure of gedurende pouses in klaskamers wees nie.

12) Die voorportaal na die skoolhoof se kantoor word nie deur die leerlinge gebruik nie, behalwe wanneer leerders die kantoor saam met hul ouers besoek of in gevalle soos deur die skoolhoof gereël.

13) Geen leerling gaan sonder toestemming tussen periodes na die kleedkamers nie.

14) Geen leerling mag deur die tuin in die vierkant loop nie.

15) Die gedrag van leerlinge om en op die sportveld moet te alle tye onberispelik wees en 'n goeie sportmangees moet openbaar word.

16) GEEN LEERLING MAG OP ENIGE WYSE DIE NAAM VAN DIE SKOOL IN ONEER BRING NIE.

***<u>SKOOLTYE:</u>***

**Maandag: 7:50 – 13:30**
**Dinsdag – Vrydag: 7:30 – 13:30**

# SKOOLFONDSBELEID: 2025

Die skoolfonds vir 2025 was vasgestel volgens Artikel 39 (1) van die Skolewet, deur die ouers by 'n ouerbegrotingsvergadering wat plaasgevind het op 1 November 2024.

# FOOIE VIR 2025:

## SKOOLFONDS: **Hoërskool Burgersdorp** ABSA 1800390105 Verw Kind se naam en van

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R18 100.00 |
| Januarie: | R 2 100.00 **(Verpligtend voor of op dag wat die skool begin in 2025)** |
| Per kwartaal: | R 4 000.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 1 600.00 (voor 7 Februarie tot 7 November 2025) |

## STEYNSBURG BUS: **Hoërskool Burgersdorp** ABSA 1800390105 kind se naam en van en SBURG

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R 4 500.00 |
| Per kwartaal: | R 1 125.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 450.00 (Voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |

## DORDRECHT BUS: **Hoërskool Burgersdorp** ABSA 1800390105 Verw kind se naam en van en DDX

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R 6 900.00 |
| Per kwartaal: | R 1 725.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 690.00 (Voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |

## MOLTENO BUS: **Hoërskool Burgersdorp** ABSA 1800390105 Verw kind se naam en van en MOLT

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R 3 900.00 |
| Per kwartaal: | R 975.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 390.00 (Voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |

## QUEENSTOWN(BRUG)BUS: **Hoërskool Burgersdorp** ABSA 1800390105 Verw kind se naam en van en QUEEN

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R 5 000.00 |
| Per kwartaal: | R 1 250.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 500.00 (Voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |

## ALIWAL NOORD BUS: **Laerskool Burgersdorp** ABSA 1800143132 Verw kind se naam en van en ALIWAL

| | |
|---|---|
| 5 Dae per week: | R 790.00 (per maand vooruitbetaalbaar) |
| Maandae en Vrydae: | R 315.00 (per maand vooruitbetaalbaar) |

## VENTERSTAD BUS: **Laerskool Burgersdorp** ABSA 1800143132 Verw kind se naam en van en BUS

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R 4 600.00 |
| Per kwartaal: | R 1 150.00 (vooruitbetaalbaar) |

## BETHULIE BUS: **Laerskool Burgersdorp** ABSA 1800143132 Verw kind se naam en van en BUS

| | |
|---|---|
| Per kwartaal: | R 7 360.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 1 840.00 (Voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |

## KOSHUISGELD: **Vorentoe Koshuis** ABSA 1800142101 Verw: Kind se naam en van of reknr.

| | |
|---|---|
| Jaarliks: | R27 300.00 |
| Per kwartaal: | R 6 825.00 (vooruitbetaalbaar) |
| Per maand: | R 2 730.00 (voor 7 Januarie tot 7 Oktober 2025) |
| Dagleerder | R 2 950 (per kwartaal) |

# VAKKEUSE - GR 8 & 9

AFRIKAANS HUISTAAL OF / OR ENGLISH HOME LANGUAGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL OR / OF ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

WISKUNDE / MATHEMATICS

MENSLIKE EN SOSIALE WETENSKAPPE / HUMAN & SOCIAL SCIENCES

NATUURWETENSKAPPE / NATURAL SCIENCES

KUNS EN KULTUUR / ARTS & CULTURE

TEGNOLOGIE / TECHNOLOGY

LEWENSORIËNTERING / LIFE ORIENTATION

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE / ECONOMIC & MANAGEMENT SCIENCES

*ALLE LEERDERS WORD OOK 'N KURSUS IN REKENAARGELETTERDHEID AANGEBIED. LEERDERS KAN OOK MUSIEKONDERRIG ONTVANG. DIT WORD ADDISIONEEL TOT DIE BESTAANDE KURRIKULUM AANGEBIED.*

# VAKKEUSES - GR 10 – 12

<u>VERPLIGTE VAKKE</u>:

1) AFRIKAANS HUISTAAL OF / OR ENGLISH HOME LANGUAGE
2) AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL OF / OR ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE
3) LEWENSORIËNTERING/LIFE ORIENTATION
4) WISKUNDE OF WISKUNDIGE GELETTERDHEID / MATHEMATICS OR MATHEMATICAL LITERACY

<u>KEUSEVAKKE: (KIES EEN UIT ELKE GROEP)</u>

1) FISIESE WETENSKAPPE / PHYSICAL SCIENCES<br>BESIGHEIDSTUDIES / BUSINESS STUDIES<br>TOERISME / TOURISM
2) RTT / CAT<br>GEORAFIE / GEOGRAPHY<br>LEWENSWETENSKAPPE / LIFE SCIENCES
3) REKENINGKUNDE / ACCOUNTING<br>VERBUIKERSTUDIES / CONSUMER STUDIES<br>INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP / ENGINEERING GRAPHICS AND DESIGN

*LEERDERS KAN OOK MUSIEKONDERRIG ONTVANG. DIT WORD ADDISIONEEL TOT DIE BESTAANDE KURRIKULUM AANGEBIED.*

## SPORT

**Atletiek,
Rugby, Tennis, Krieket, Netbal,
Hokkie, Landloop, Gholf, Luggeweerskiet, Skaak,
Rolbal en Sporttoere
Asook 7's Rugby, Aksie Hokkie en
5 'n kant - Netbal**

## KULTUUR

**Landsdiens, CSV, Redenaars,
Skoolkoerant, Skryfklub, Koor, Olimpiades,
Musiek (UNISA & Eisteddfod)**

## SOSIAAL

**Jaarlikse Somerfees,
Valentynsokkie, "Ball", Mnr & Mej BHS,
BHS MET, Matriekafskeid, Sokkies,
Geesbou- en Entrepreneursdag**

## ANDER

**Gr 8-Kamp
VLR-Kamp
Landsdiens-Kampe
Landboukursusse**

***Busdiens beskikbaar op Maandae & Vrydae
na en van Venterstad, Bethulie, Molteno,
Dordrecht & Steynsburg
Daaglikse busdiens na Aliwal-Noord***

# PRESTASIES

| | | |
|---|---|---|
| **2023 GR 12** | **-** | **98%-SLAAGSYFER**<br>**4 ONDERWYSERS MERK GR 12 NSS EKSAMEN** |
| **2024 - ATLETIEK** | **-** | **24 ATLETE VERTEENWOORDIG JOE GQABI-SPAN**<br>**5 ATLETE GEKIES VIR OOS-KAAP SPAN**<br>**2023 - 1 ATLEET GEKIES VIR SA'S** |
| **2024 - RUGBY** | **-** | **3 SPELERS IN 0/18 VRYSTAAT – AKADEMIE-SPAN**<br>**3 SPELERS IN VRYSTAAT SEWE'S SPANNE** |
| **2024 - NETBAL** | **-** | **1 SPELER IN 0/15 OOS-KAAP SPAN** |
| **2024 - HOKKIE** | **-**<br>**-** | **2 SPELERS NA BORDER INLAND 0/16**<br>**1 SPELER – BORDER INLAND 0/18** |
| **2023 - GHOLF** | **-** | **1 VERTEENWOORDIG GRENS SAGDB TEAM**<br>**1 VERTEENWOORDIG GRENS SENIOR IPT MANS** |
| **2024 - TENNIS** | **-** | **1 SPELER IN SYNERGY BEKER – OOS-KAAP ALOES SPAN** |
| **2024 - SKYFSKIET** | **-** | **1 SKUT IN 0/21 VRYSTAATSPAN NA NASIONALE KAMPIOENSKAP**<br>**8STE PLEK – BRONS MEDALJE 0/21**<br>**2 SKUTS IN 0/14 VRYSTAATSPAN NA NASIONALE KAMPIOENSKAP** |
| **2022 - ROLBAL** | **-** | **1 SUID-VRYSTAAT VERTEENWOORDIGER OP DIE SA NASIONALE JUNIOR ROLBAL KAMPIOENSKAP** |
| **2024 - LANDSDIENS** | **-** | **12 LEERDERS NA STREEKSKAMP**<br>**8 LEERDERS VERTEENWOORDIGERS NA NASIONALE KAMP**<br>**2023 - 3 LEERDERS KRY SPRINGBOK-TOEKENNING** |
| **2024 - MUSIEK** | **-** | **ALIWAL-NOORD EISTEDDFOD** – **1 TRIPPELGOUD**; **2 DUBBELGOUD**; **1 GOUD**<br>***1 KATEGORIE WENNER*** |
| **2023- SKRYFKUNS** | **-** | **1 OP MERIETE PUBLIKASIE – POORT SKRYFKOMPETISIE** |
| **2024 – DRAMA (AFR EN ENG)** | **-** | **ALIWAL-NOORD EISTEDDFOD** – **9 DUBBELGOUD**; **8 GOUD**; **1 SILWER**<br>***2 TROFEEWENNERS – INFORMELE VOORDRAG EN GEDRAMATISEERDE PROSA*** |
| **2023 - NOODHULP** | **-** | **1 LEERDER VLAK 3** |

# HOëRSKOOL BURGERSDORP
## SKOOL- EN SPORTDRAG

| | | | SOMERDRAG | WINTERDRAG |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Dogters Gr 8 – 11 | | Groen rok<br>Wit sokkies<br>Swart skoene | Groen langbroek<br>Wit hemp<br>Das (met baadjie) |
| | Maandae: (uitgaandrag) | | Baadjie<br>Moet baadjie aanhê in gange | Baadjie |
| | Matriekdogters | | Groen romp<br>Wit hemp<br>Matriekdas<br>Wit sokkies<br>Swart skoene | Groen romp<br>Wit hemp<br>Matriekdas (met baadjie)<br>Swart kouse<br>Baadjie |
| | Maandae: (uitgaandrag) | | Baadjie<br>Moet baadjie aanhê in gange | |
| 2. | Seuns Gr 8 - 11 | Gr 8:<br>Gr 9-11: | Grys kortbroek<br>Grys kort/langbroek<br>Wit hemp<br>Grys kouse<br>Swart skoene<br>Swart/bruin belt<br>met eenvoudige "buckle" | Grys langbroek<br>Wit hemp<br>Grys kouse<br>Swart skoene<br>Swart/bruin belt<br>met eenvoudige "buckle"<br>Das (slegs met baadjie)<br>Baadjie |
| | Matriekseuns | | Grys langbroek<br>Wit hemp<br>Grys kouse<br>Swart skoene<br>Swart/bruin belt<br>met eenvoudige "buckle" | Grys langbroek<br>Wit hemp<br>Grys kouse<br>Swart skoene<br>Swart/bruin belt<br>met eenvoudige "buckle"<br>Matriekdas (met baadjie)<br>Baadjie |
| | Seuns Maandae:<br>(uitgaandrag) | | Wit hemp, das & baadjie<br>MOET baadjie aanhê in gange | |
| 3. | Algemeen: | | Groen skoolmus ("beanie")<br>Serp – skoolgroen / wit / swart | |

4. Sportdrag:
Alle leerlinge dra skoolsweetpakke. Slegs eerste sportspanne mag ander drag dra. Vrydag voor Saterdag se byeenkoms, mag eerste spanne top aanhê skool toe.
Atletiek: Groen gholfhempie (by klerebank verkrygbaar) of amptelike skool-atletiekfrokkie word by kleurebyeenkoms gedra. Vir alle verdere byeenkomste word die amptelike skool-atletiekfrokkie gedra.

5. Matriektop : Mag glad nie aantrek skool toe nie.

6. Sportdrag : Indien vertrek vir wedstryd voor skool uitkom.

***KLEREBANK WORD DEUR DIE HOëRSKOOL BEDRYF.***

*Tye : Maandae 08:00 – 09:00*

*Vrydae 12:00 – 13:00*



# KOSHUISE - Ons trots!

**Tans is ons leerdergetalle:**

| | |
|---|---|
| **Vorentoe Seunskoshuis** | **65** |
| **Ons Toekoms Meisieskoshuis** | **63** |

**Koshuisouers:**

**Vorentoe Seunskoshuis:**

***Tel: 051-6530004***

**Ons Toekoms Meisiekoshuis:**

***Tel: 051-6530000***

***Koshuispartytjies, Karaoke-aande, Sokkies….***